

LAAT DAAR LIG WEES

SEDERT 1920

# KOSHUISPROSPEKTUS 2027

## KOSHUISGESKIEDENIS

Kort na die stigting van Die Afrikaanse Hoërskool in die voormalige woonhuis van generaal Piet Joubert in Visagiestraat in 1920, het die skool sy eerste koshuise in huurhuise in die omgewing van die skool geopen.

In 1930 het Die Afrikaanse Hoërskool in Afrikaanse Hoër Seunskool en Afrikaanse Hoër Meisieskool verdeel. Die Lynnwoodweg-gebou is aan die seunskool toegeken en die Bondstraat-gebou aan die meisieskool.

In 1930 is die eerste koshuis op die skoolterrein voltooi en dit het as Seunstehuis bekend-gestaan.

In 1970 is ‘n addisionele koshuis, Huis Frank le Roux, in gebruik geneem. Dit dra die naam van die eerste hoof van Die Afrikaanse Hoërskool wat van 1930 af ook die hoof van Afrikaanse Hoër Seunskool was.

In 1975 is die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 herdenk en onderskeie huise van die koshuis is na die hooffigure van die Eerste Taalbeweging vernoem: Seunstehuis het Huis Pannevis geword en in die hoofgebou (Huis Frank le Roux) het die gange die volgende name gekry: Huis du Toit (oos, bo), Huis Reitz (oos, onder), Huis Hoogenhout (wes, bo) en Huis Malherbe (wes, onder).

In 1994 is twee blokke bygevoeg wat na twee stigterslede, Jan Joubert en Chris Neethling, van AHS vernoem is.

Die Trust van Afrikaanse Hoër Seunskool het in 2015 ‘n herehuis, Lisdogan 165, aangekoop om as koshuis te dien. Die huis is waarskynlik in 1910 gebou met rooi Kirkness-bakstene uit Pretoria se eerste steengroef – dieselfde as dié waarmee AHS gebou is. Hierdie koshuis staan as Huis Kruger bekend. Jackie Kruger het vroeër in die skool se beheerliggaam gedien, ‘n belangrike rol in die stigting van die Oud-Affiebond gespeel en het vir etlike jare in hierdie huis gewoon.

## VISIE

Om ‘n veilige tuiste vir seuns in die geborgenheid van broederskap te skep waar selfdissipline gekweek en selfstandigheid bevorder word.

# INHOUDSOPGAWE

SEDERT 1920


1. Koshuisgeskiedenis ....................2
2. Visie ....................2
3. Toelating tot die koshuis ....................4
4. Algemene koshuisorganisasie ....................5
5. Tydelike koshuisverlating ....................6
6. Kleredrag ....................7
7. Siekte en ongevalle ....................8
8. Netheid ....................9
9. Inburgering ....................9
10. Kwartaallikse koshuisopening ....................9
11. Sakgeld ....................10
12. Sluit van koshuis gedurende die dag ....................10
13. Studie ....................10
14. Voogwerk ....................10
15. Vervoermiddels ....................11
16. Wasgoed ....................11
17. Eetgoed en snoepery ....................11
18. Sluit van koshuis ....................11
19. Verjaarsdae ....................11
20. Naweekreëlings ....................12
21. Dissipline ....................12
22. Eetsaal ....................12
23. Siekekamer ....................13
24. Diefstal ....................13
25. Algemeen ....................13
26. Ontruimingsplan ....................13
27. Tydrooster ....................14
28. Voorwaardes en reëls ....................16

## 3. TOELATING TOT DIE KOSHUIS

3.1 Aansoek om toelating tot die koshuis moet op die voorgeskrewe inskrywingsvorm gedoen word. Vir nuwe leerlinge asook voornemende graad 8-seuns moet die jongste skoolrapport en getuigskrif van die skoolhoof die aansoek vergesel.

3.2 Toelating tot die koshuis sal slegs vir een jaar geld en daar sal jaarliks aansoek om hertoelating gedoen moet word.

3.3 Aansoek om hertoelating tot die koshuis moet op die voorgeskrewe hertoelatingsvorm gedoen word. Die bewys van betaling van die deposito moet die vorm vergesel.

3.4 Hertoelating word jaarliks gedoen. Seuns word nie outomaties hertoegelaat nie. Die volgende faktore word in ag geneem:

- Volledigheid van die aansoek
- Uitstaande skool- en koshuisgeld
- Seuns se gedrag gedurende die afgelope jaar (skool en koshuis)
- Betrokkenheid op buitemuurse gebied
- Akademiese prestasie
- Laat aansoeke sal op die waglys geplaas word

3.5 Losiesgeld is vooruitbetaalbaar soos aangedui op die betalingsooreenkoms wat die ouer jaarliks onderteken.

3.6 Ouers moet EEN VOLLE KWARTAAL kennis gee voordat hul kind die koshuis verlaat. So nie, kan hul aanspreeklik gehou word vir een kwartaal se losiesgeld

3.7 'n Leerder kan geskors word indien:

- sy gedrag van so 'n aard is dat dit indruis teen 'n behoorlike peil van sedelikheid en/of die sosiale welsyn van die skool of koshuis in gevaar stel,
- hy herhaaldelik reëls oortree,
- hy na die mening van die hoof en beheerliggaam een enkele daad of reeks van dade van laakbare aard begaan,
- die terrein sonder toestemming verlaat,
- hy op enige manier betrokke of teenwoordig is by die gebruik en/of smokkel van verbode middels op die skool- en/of koshuisterrein,
- hy nie deelneem aan die buitemuurse program van die skool nie,
- 'n reël, soos deur die hoof of sy gedelegeerde, aan die seuns en/of ouers gekommunikeer, oortree word.
- 'n Leerder wat geskors word, vir welke rede ookal, se hertoelating tot die koshuis is in gedrang.

## 4. ALGEMENE KOSHUISORGANISASIE

SEDERT 1920

### 4.1 ALGEMENE KOSHUISBESTUUR

Die skoolhoof is die hoof van die koshuis. Hy is die beleidmaker en verteenwoordig die beheerliggaam. Die senior huisvader is die implementeerder van beleid en verteenwoordig die skoolhoof in die koshuis.

#### DIE BEHEERLIGGAAM

Die beheerliggaam is 'n raadgewende liggaam wat die breë gemeenskap in die onderwysstelsel verteenwoordig in die monitor van koshuisgebeure. Die beheerliggaam is verder vir die finansiële bestuur van die koshuis verantwoordelik.

#### DIE KOSHUISHOOFDEGROEP

Die senior huisvader, voedseldiensbestuurder en koshuisbestuurder vergader weekliks om algemene sake ten opsigte van doeltreffende versorging van leerders te bespreek. Die senior huisvader vergader weekliks met die Hoof van Huis Pannevis om algemene sake te bespreek.

#### DIENSDOENENDE PERSONEEL

Diensdoenende personeel se pligte is vervat in die "Onderwysers pligstaat". Personeel betrokke by Huis Frank le Roux ressorteer onder die senior huisvader en personeel betrokke by Huis Pannevis ressorteer onder die Hoof van Huis Pannevis. Die senior huisvader sal soos benodig met alle diensdoenende personeel vergader.

#### ASSISTENTE

Die senior huisvader vergader kwartaalliks om algemene probleme te bespreek en te verbeter.

#### PREFEKTE

Prefekte staan onder leiding van die prefekvoog en koshuishoofseun. Prefekte vergader op gereelde basis om enige relevante sake met betrekking tot die gladde verloop van die koshuis in die algemeen en spesifiek die dissipline in die koshuis te bespreek. Mnr. Hanco Deale is die prefekvoog. Die Hoof van Pannevis is verantwoordelik vir die Huis Pannevis prefekte se daaglikse doen en late.

#### ALGEMEEN

'n Welstandsprogram word gevolg en bestuur om te verseker dat elke gangvoog sy seuns persoonlik leer ken. Die gangprefek het 'n belangrike rol as mentor vir elke seun op sy gang. Dit het ten doel dat seuns met vrymoedigheid enige probleme sal kan bespreek.

### 4.2 BESKADIGING VAN EIENDOM

Alle skade wat 'n kosganger aan koshuiseiendom aanrig, moet vergoed word en/of deur homself herstel word. Breekskade moet dadelik aan die diensdoenende personeellid rapporteer word. Indien 'n kosganger versuim om by die voorwaardes te hou, word 'n rekening aan die ouer/voog gestuur.

## 4. ALGEMENE KOSHUISORGANISASIE (vervolg)

### 4.3 ELEKTRIESE EN ELEKTRONIESE APPARAAT

Slegs selfone, rekenaars en waaiers word in die koshuis toegelaat. Die gangprefek mag ‘n yskas in sy kamer hê en moet die gebruik daarvan vir die res van die gang beskikbaar stel. Die senior huisvader mag toestemming verleen indien spesiale versoeke gerig word om enige ander apparate aan te hou. Verlengkoorde word toegelaat maar moet uitgeprop wees by die muur se kragpunt indien ‘n seun nie in sy kamer teenwoordig is nie. Alle onwettige apparate, waaiers wat aangeskakel is sonder dat ‘n seun in sy kamer is, asook verlengkoorde wat nie uitgeprop is nie, sal gekonfiskeer word. Seuns kan hierdie items op ‘n Vrydag na skool by die koshuisbestuurder afhaal. ‘n Boete is betaalbaar. By herhaling van dieselfde oortreding sal gekonfiskeerde items eers aan die einde van ‘n kwartaal aan die seun oorhandig word.

## 5. TYDELIKE KOSHUISVERLATING

### 5.1 KOSHUISNAWEKE

Seuns mag die koshuis gedurende naweke verlaat. Inblynaweke word tot die minimum beperk en datums sal vroegtydig aan ouers en seuns deurgegee word.

### 5.2 IN- EN UITTEKEN

Die in- en uitteken is ‘n skriftelike, wetlike ooreenkoms tussen die ouer/voog, die leerder en die diensdoenende personeellid. Seuns is almal vanaf Maandagoggende tot Vrydae na skool ingeteken. Hulle mag die terrein nie verlaat sonder die nodige toestemming nie. Ouers kan nie hul seuns toestemming gee om die terrein te verlaat sonder dat die amptelike uitteken prosedure gevolg is, en goedkeuring ontvang is nie.

#### 5.2.1 UITTEKEN

- Alle seuns is vir naweke uitgeteken vanaf 13:40 die Vrydag tot 07:00 die Maandag. Hierdie reëling word in die toelatings- en hertoelatingsvorms verduidelik. Seuns kan reeds op Sondae terugkeer, maar moet dit op die naweeklyste aandui.
- “Uitslaap” in die week word slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat.
- Dieselfde reëlings geld vir seuns wat gedurende die week die koshuis tydelik vir dringende sake wil verlaat, maar wel terugkeer en inslaap. Aankope, haarsny, kontant trek by ‘n OTM, ens. moet oor naweke gedoen word en seuns sal nie toegelaat word om die terrein hiervoor te verlaat nie.
- Seuns wat op ‘n gereelde basis die terrein moet verlaat vir bv. kluboefeninge, ekstra akademiese klasse, ens. moet ‘n vaste reëling in die verband tref.

UITTEKEN-PROSEDURE

Alle uittekenversoeke word via ‘n aanlyn vorm hanteer. Sou u seun van Maandag tot Donderdag wil uitteken vir ‘n afspraak of om uit te slaap, word die volgende prosedure gevolg.

- Die uittekenvorm is via ‘n aanlyn-skakel en QR-kode beskikbaar.
- Alle versoeke moet ‘n dag vooraf aan ons gerig word en indien dit nie moontlik is nie, voor 10:00 op die oggend van die afspraak.

## 5. TYDELIKE KOSHUISVERLATING (vervolg)



- Versoeke moet in die week van die afspraak gerig word en nié vroeër nie.
- Afsprake wat op ‘n gereelde (weeklikse) basis geskeduleer is, moet kwartaalliks per e-pos aan ons gekommunikeer word:

  Mnre. Nico Venter (graad 8) by nico.venter@affies.co.za en
  AJ Maree (graad 9 tot 12) by aj.maree@affies.co.za.

  Hierdie voogde hanteer ook alle spesiale versoeke en navrae.

**UITTEKENVORM**
**QR-KODE**

Ons stel voor dat u die skakel op u slimtoestel stoor

Stappe:

1. Beweeg u slimtoestel se kamera oor die QR-kode en volg die skakel.
2. Wees gereed met u ID-nommer, die dag, tyd en rede vir die afspraak, asook die vervoer na en toesig by die afspraak.
3. Sodra u die vorm indien (submit) sal u onmiddellik ‘n ontvangserkenning per e-pos ontvang. Hierdie is slegs ‘n aanduiding dat die versoek ontvang is, maar beteken nog nie dat dit goedgekeur is nie.
4. U sal daarná terugvoer ontvang of die versoek goedgekeur is.
5. Indien die versoek goedgekeur is, moet die seun by die personeellid aan diens aanmeld en die register in die eetsaal voltooi, voordat hy die terrein verlaat.

### 5.2.2 TERUGTEKEN

- Wanneer ‘n kosganger op ‘n ander tydstip na die koshuis terugkeer as wat hy op sy naweek-reëling aangedui het, moet hy dadelik by die diensdoenende personeellid rapporteer
- SONDAE: Inkomtyd op Sondae is 15:00 tot 17:30. Streng kontrole vind om 19:45 plaas. Seuns wat toestemming het (vaste reëling) om later in te kom, moet dadelik by die diens-doenende personeellid met hul terugkeer aanmeld. Die koshuis sluit om 20:00 op Sondae.
- Seuns mag nie die terrein verlaat nadat hul by die koshuis afgelaai is nie.

## 6. KLEREDRAG

### 6.1 WANNEER LEERDERS DIE TERREIN VERLAAT

- Seuns verlaat die skoolterrein in skooldrag of Affie-drag; geen slenterdrag nie.
- Wanneer sportaktiwiteite bygewoon word, is ‘n Affie-sweetpak of toepaslike sportdrag aanvaarbaar.

## 6. KLEREDRAG (vervolg)

### 6.2 ETES

- Ontbyt en middagetes: gedurende die week word die volledige skooluniform gedra, tensy 'n sportaktiwiteit sportklere noodsaaklik maak.
- Aandetes: Kosgangers moet te alle tye netjies vertoon. Slegs sportdrag of voorgeskrewe koshuisdrag is aanvaarbaar, d.w.s. 'n Affie-sportbroek met 'n Affie-T-hemp of koshuishemp.
- Die kosganger moet seilskoene met kouse dra. Geen pantoffels, plakkies, Crocs of kaalvoete word in die eetsaal toegelaat nie.
- Geen selfone word in die eetsaal toegelaat nie.

### 6.3 JUWELIERSWARE

- Geen juweliersware word toegelaat nie.

### 6.4 OP DIE SKOOLTERREIN

- Koshuisseuns moet te alle tye netjies geklee wees wanneer hulle op die koshuis-/skoolterrein is.
- Slegs sportdrag, skooldrag of voorgeskrewe koshuisdrag is aanvaarbaar wanneer koshuisseuns na die skoolterrein beweeg, d.w.s. 'n Affiebroek met Affie-T-hemp en seilskoene.

### 6.5 OP DIE KOSHUISTERREIN

- Seuns kan slenterdrag dra wanneer hul op die koshuisterrein beweeg en in die koshuis is. Dit sluit aandkontrole in.

## 7. SIEKTE EN ONGEVALLE

### 7.1 SKOOLURE

- Wanneer 'n leerder gedurende die skooldag siek word, rapporteer hy by die skool se navrae-kantoor, wat vir hom `n verlofbrief sal gee vir aanmelding by die koshuis se siekekamer. Die koshuis bestuurder sal deur die skool geskakel word om die nodige reëlings te tref.
- Die diensdoenende personeellid word ook in kennis gestel.
- Indien 'n leerder deur die nag siek word, meld hy die oggend by ontbyt aan by die diensdoenende personeellid. Hy sal na gelang van die erns van sy toestand hanteer word.

### 7.2 ANDER URE

- Geen leerder mag in sy kamer bly indien hy siek is nie.
- Leerders meld dadelik by die diensdoenende personeellid aan wat hom na die siekekamer of dokter sal verwys.
- Tydens noodgevalle word leerders na 'n plaaslike ongevalle-afdeling geneem.
- Ouers is te alle tye vir mediese en vervoerkoste verantwoordelik.
- Die diensdoenende personeellid sal die ouers van 'n noodgeval of hospitalisasie verwittig.

SEDERT 1920

## 8. NETHEID

### 8.1 SLAAPKAMERS

- Elke kosganger is vir die netheid van sy eie kas en bed verantwoordelik.
- Die inwoners van ‘n kamer is verantwoordelik vir die netheid van die kamer.
- Inspeksie word deur prefekte, gangvoogde en diensdoenende personeel uitgevoer.

### 8.2 BADKAMERS EN TOILETTE

- Warm water moet spaarsamig gebruik word.
- Netheid en higiëne is te alle tye verpligtend.
- Toilette moet altyd droog en skoon wees.

### 8.3 TERREIN

- Rondstrooiery van vullis word ten strengste verbied.
- Die terrein moet deur almal te alle tye netjies en skoon gehou word.

## 9. INBURGERING

- Geen ontgroening van enige aard sal geduld word nie. Die Pannevis-personeel en die Pannevis-prefekte is verantwoordelik vir die graad 8-seuns se inskakelingsprogram.
- Alle nuwe kosgangers (graad 9 tot 12) moet aan die inskakelingsprogram deel hê ten einde hulle aanpassing te vergemaklik.
- Elke junior sal, benewens sy gangvoog, ook onder voogskap van ‘n spesifieke prefek staan.
- Juniors moet onder geen omstandighede skroom om enige aangeleentheid met die gangvoog en prefek te bespreek nie.
- Geen leerder mag enige onwettige inlywingspraktyke toepas nie. Indien ‘n leerder homself hieraan skuldig maak, sal hy geskors word en van alle leierskapsposisies onthef word.
- Geen leerder mag toelaat dat hy ingelyf word nie. Leerders wat hulself hieraan skuldig maak se hertoelating sal in gedrang wees.

## 10. KWARTAALLIKSE KOSHUISOPENING

- Inkomtyd op die dag voordat skole heropen is 15:00 tot 17:00. Ouers word versoek om hul seuns te vergesel wanneer hul aanmeld vir kwartaal een. Ouers het dan die geleentheid om hul seun se gangvoog en prefek te ontmoet.
- Kwartale 2 tot 4 vergesel ouers nie die seuns nie. Seuns mag ook dan inkom die oggend wat die skool begin of tussen 15:00 en 17:00 op die dag vooraf.
- Seuns mag nadat hul gearriveer het nie die terrein verlaat nie. Dit geld ook vir Sondae.
- Kosgangers se voorkoms moet reeds in ooreenstemming met die skool se reëls wees.

## 11. SAKGELD

- Die veilige bewaring van sakgeld bly elke seun se verantwoordelikheid.
- Die skool, klerewinkel en 1920 beskik oor kaartfasiliteite.

## 12. SLUIT VAN KOSHUIS GEDURENDE DIE DAG

- Tussen 14:30 en 16:00 word geen graad 8-seuns in Huis Pannevis toegelaat nie
- Graad 9 tot 12 seuns mag gedurende die middae in die koshuis wees. Stilte moet gehandhaaf word tot 16:00 en seuns mag net in hul eie kamers wees.
- Tussen 07:05 en 13:40 word geen kosgangers of dagskoliere in die onmiddellike koshuisterrein toegelaat sonder die skriftelike toestemming van die personeellid aan diens of die hoof van die betrokke huis nie.

## 13. STUDIE

- Huis Frank le Roux inwoners tree in gangverband in die studiesaal aan vir kontrole, algemene reëlings en aandgodsdiens. Daarna verdaag hulle direk na die studiesaal of kamers vir studie.
- Pannevis inwoners studeer in die geallokeerde klaskamers.
- Huis Kruger inwoners studeer in hul kamers.
- Die personeellid op hulpdiens asook die prefek aan diens hou in die studiesaal toesig.
- Die personeellid op hoofdiens hou in die gange toesig.
- Stilte en ordelikheid is ‘n absolute vereiste.
- Geen selfone mag tydens studie gebruik word nie.
- Elke leerder moet met sy eie studeer- en huiswerk besig wees. Oor-en-weer lenery en verduidelikings is steurend en word nie toegelaat nie.
- Die studiesaal is altyd vir akademiese werk beskikbaar.
- Leerders moet ander leerders wat buite studietye werk, respekteer.
- Diensdoenende personeel kan studietye verleng indien dit nodig sou wees.
- Graad 11- en 12-leerders mag in hul kamers studeer. Graad 10 leerders wat a.g.v. hul akademiese prestasie vrywaring ontvang mag ook in hul kamers studeer. Dit bly egter ‘n voorreg en nie ‘n reg nie.
- Geen besoeke word tydens studie toegelaat nie, tensy die dringendheid daarvan eers met die diensdoende personeel uitgeklaar is.
- Seuns mag slegs voor studie, tydens die studiebreuk of ná studie stort of laatetes nuttig.

## 14. VOOGWERK

- Elke voog versorg sy kosgangers ten opsigte van akademiese vordering, godsdienstige meelewing, sosiale aanpassing, buitemuurse deelname, dissipline en morele ondersteuning.
- Elke gangvoog voer onderhoude met die seuns op sy gang aan die hand van ‘n voogvorm. Die gangvoog kontroleer elke seun se buitemuurse deelname.
- Koshuisrapporte word aan die einde van die eerste kwartaal, halfjaar (na die wintersport-seisoen) en na afloop van die akademiese jaar aan ouers gestuur.

## 15. VERVOERMIDDELS

- Tydens die rugby- en hokkieseisoen is daar 'n skoolbus beskikbaar vir seuns wat by Rivierstraat, Pretoria- en Harlequinsrugbyklub oefen.
- Geen ryplanke, motorfietse, motors of enige ander vervoermiddel word op die skool- of koshuisterrein gebruik of toegelaat nie.
- Seuns wat van UBER, WANATU of BOLT gebruik maak se ouers moet dit so aandui op die aanlyn uitteken vorm.
- Slegs seuns wat fietsry as sport beoefen, mag 'n fiets aanhou. Stoorplek word deur die skool voorsien en seuns moet daarvan gebruik maak. Wanneer seuns amptelike oefeninge saam met die skool bywoon, mag hulle van die terrein af gaan sonder om uit te teken.



## 16. WASGOED

- Wasgoed moet op Dinsdagoggende by die linnekamer ingegee word. Kledingstukke moet behoorlik gemerk en 'n wasgoedlys moet in tweevoud opgestel word. Wasgoed moet op Donderdae na skool weer in die linnekamer afgehaal word.
- Slegs twintig stukke per persoon word weekliks toegelaat. Enige uitsonderings moet met die koshuis bestuurder gereël word.

## 17. EETGOED EN SNOEPERY

- Kosgangers word nie toegelaat om lekkernye of ander voedsel in die eetsaal te bring nie.
- Geen verkope van snoeperye of enige kosmakery mag onder leerders plaasvind nie.

## 18. SLUIT VAN KOSHUIS

- Ouers moet van die parkeerarea by Redelinghuyspoort gebruik maak en vandaar toegang tot die koshuis verkry.
- Die koshuishekke word gedurende sekere periodes gesluit, sodat die kosgangers en hul besittings teen gevare van buite beskerm word.
- Leerders mag onder geen omstandighede van enige ander uitgang of venster as die hoofdeur gebruik maak nie.
- Die koshuis sal gedurende sportbyeenkomste gesluit wees en kosgangers sal eers na die dag se verrigtinge die koshuis kan binnegaan.
- Indien 'n seun nie ingeteken is vir die naweek en/of week nie, mag hy nie die koshuis binnegaan nie.

## 19. VERJAARSDAE

- Kosgangers wat op 'n weeksdag verjaar, mag saam met hul ouers/voogde vir die aand uitgaan, maar moet dieselfde aand na die koshuis terugkeer. Alle normale uittekenreëls geld.
- Alle gevalle sal op meriete beoordeel word. Die normale uitteken prosedure moet deur alle betrokke seuns gevolg word.

## 20. NAWEEKREËLINGS

- Naweeklyste kan vanaf Maandag middag tot Donderdag oggend 7:00 voltooi word. Seuns gebruik die skakel of QR-kode en vul die lys elektronies in.
- 'n Leerder is verplig om etes by te woon terwyl hy nie uitgeteken is nie. Dit dien as kontrolepunt.
- Indien naweekreëlings deur die loop van die naweek verander, moet dit by die personeellid aan diens aangemeld word.

## 21. DISSIPLINE

- Die skool se gedragskode, beleide en reëls sal te alle tye ook van toepassing wees op koshuisleerders.
- Alle skoolreëls is ook van toepassing op koshuisleerlinge buite gewone skoolure.
- Kosgangers moet te alle tye gesonde selfdissipline toepas.
- 'n Hoë lewenstandaard ten opsigte van waardes, norme en etiek word van elke kosganger verwag.
- Reëls en dissipline is nodig om die koshuisorganisasie te laat vlot. Selfdissipline vervang dus in 'n groot mate rigiede toepassing van reëls.
- Straf word streng volgens departementele regulasies toegepas. Kosgangers word op die natuurlike geregtigheidsbeginsel beoordeel. Kosgangers wat herhaaldelik oortree en die atmosfeer versteur, lewe egter nie in harmonie met die koshuisbeleid nie en is dus nie ware Koshuis-Affies nie. Straf word in die vorm van gemeenskapsdiens, studie, vermaning, verbeuring van voorregte, korrektiewe optrede en selfs skorsing toegepas.
- Detensies vind op Vrydagmiddae plaas tussen 14:00 en 17:00. Seuns sit in die studie saal in skooldrag. Indien detensie by die skool gesit word sal seun daarvan in kennis gestel word. Uitstel kan slegs deur die hoof of senior huisvader toegestaan word in uitsonderlike gevalle. Ouers moet per e-pos aansoek doen om uitstel.
- Seuns wat die terrein onwettig verlaat, kan tydelik of permanent uit die koshuis geskors word.
- Geen aflewerings, tensy vooraf skriftelik deur die koshuisvader goedgekeur, word by die koshuis toegelaat nie. Dit sluit voedsel en drinkgoed in.
- Geen leerder mag homself beroep op onwettige aksies wat in die verlede plaasgevind het nie. Leerders wat hulself skuldig maak hieraan kan tydelik of permanent geskors word en hul hertoelating tot die koshuis is in gedrang.

## 22. EETSAAL

- Bywoning van alle etes is verpligtend.
- Kosgangers beweeg stil en ordelik in die eetsaal in.
- Geen provokasie of enige afknouery sal enigsins geduld word nie.
- Die prefekte is verantwoordelik vir orde, tafelmaniere en sinlikheid.
- Slegs prefekte mag saam met die graad 8-leerders aan tafel sit.
- Die graad 8-leerders dek die hele akademiese jaar die tafels na afloop van ete af.
- Seuns kan 'n laatete (aandete) bespreek indien hy a.g.v. skoolaktiwiteit aandete gaan mis. Seuns wat amptelik uitgeteken is kan ook laatetes bespreek. Laatetes moet tydens ontbyt in die eteregister bespreek word. Seuns meld by die diensdoenende personeellid aan wanneer hul die laatete wil nuttig.
- Seuns wat middagete gaan mis a.g.v. skoolaktiwiteite, moet deur die sport- of kultuurkantoor reëlings tref vir 'n vroeë ete of kospakkie. Hierdie reëlings moet soggens met die koshuiskombuis getref word. Seuns moet dit aanteken in die eteregister.

## 23. SIEKEKAMER

SEDERT 1920

- Kosgangers wat na die siekekamer verwys is, is onder direkte toesig van die matrones en koshuisbestuurder.
- Alle opdragte deur matrones moet dus nagekom word.
- ‘n Kosganger mag nie rondloop of die siekekamer sonder toestemming verlaat nie.

## 24. DIEFSTAL

- Ongelukkig vind hierdie verskynsel soms plaas. Gelukkig word die waarheid in die meeste gevalle ontbloot.
- Oortreders sal versoek word om onmiddellik die koshuis te verlaat.
- ‘n Kosganger moet dus altyd sy persoonlike besittings in sy kas toesluit.
- Geen seun mag sonder toestemming in ‘n ander seun se kamer ingaan nie, veral nie indien die kamer leeg is nie.
- In die geval van diefstal, kan die skool of koshuis nie vir die skade verantwoordelik gehou word nie.

## 25. ALGEMEEN

- Alle kosgangers moet aktief aan buitemuurse aktiwiteite deelneem. (Ten minste een aktiwiteit per seisoen.)
- Ander opdragte en aankondigings word as ‘n toevoeging tot hierdie leerdergids beskou.
- Alle uitsonderings en spesiale versoeke moet altyd eers met die senior huisvader bespreek word. Uitsonderings moet egter nie in tendense ontaard nie.
- Die Leerdergids moet ten alle tye in die kosganger se kas vir verwysingsdoeleindes wees. Onkunde is nie ‘n verweer nie.
- Geen seun word toegelaat om in ‘n ander seun se kamer in te gaan sonder sy toestemming nie.
- Geen seun mag enige besitting van ‘n ander neem sonder sy toestemming nie.
- Geen troeteldiere word in die koshuis toegelaat nie.
- Sekere aspekte van hierdie gedragskode is spesifiek aangepas vir Huis Pannevis en is so aan die seuns gekommunikeer.

## 26. ONTRUIMINGSPLAN

1. Die brandalarm/sirene kondig ‘n noodsituasie aan.
2. Ontruim die gebou. Gebruik die naaste uitgang indien dit veilig is. Die alternatiewe nooduitgange kan ook gebruik word. Gebruik die ontsnaproetes soos op die inligtingsborde aangedui.
3. Bly kalm. Stap, moenie hardloop nie.
4. Die prefek/leier van die groep moet seker maak dat almal die gebou ontruim.
5. Beweeg ordelik na die onderskeie versamelpunte. Huis Frank le Roux na die telbord op die A-rugbyveld, Huis Pannevis na die parkeerarea voor die gebou en Huis Kruger na die tennisbaan.
6. Leier/prefek en personeel neem presensie.
7. Moenie terugbeweeg na die gebou voordat dit veilig verklaar is nie.

## 27. TYDROOSTER – WEEKSDAE

### MAANDAG TOT VRYDAG

| | |
|---|---|
| 05:00 | Koshuis sluit oop vir seuns wat wil gaan oefen. Alle seuns wat gaan oefen, moet om 06:20 terug wees vir ete en om gereed te maak vir skool. |
| 06:00 | Opstaan.<br>Alle kosgangers staan op, maak hul beddens op, kry kamers netjies en versorg hulself. |
| 06:20 tot 06:45 | Ontbyt.<br>Kosgangers beweeg na die eetsaal sodra die gangvoog klaar is met inspeksie op die aangewese tyd vir die spesifieke gang.<br>Die graad 8's dek die tafels af en sorg dat die eetsaal skoon is. |
| 07:05 | Koshuisdeure sluit.<br>Alle leerders beweeg na die skoolterrein.<br>Geen leerder mag nou in die onmiddellike koshuisterrein wees nie. |
| 13:45 | Middagete. |
| 14:00 | Uitteken.<br>Leerders wat vooraf toestemming verkry het, moet by die personeellid aan diens aanmeld om sy reëlings te bevestig. |
| 14:30 tot 17:30 | Sport en ontspanning.<br>Alle leerders moet met buitemuurse aktiwiteite, studie of huiswerk besig wees. Stilte in die koshuis tot om 16:00. Graad 8-leerders mag in die media-sentrum studeer of hulself met sport of kulturele aktiwiteite besig hou. |
| 16:00 tot 17:00 | Storttyd.<br>Niemand mag voor 16:00 stort nie. |
| 17:45 tot 18:15 | Aandete. |
| 18:45<br>***18:20** | Aantree, kontrole, afkondigings, aandgodsdiens en die aanvang van aandstudie. |
| 19:00 tot 20:00<br>***18:30 tot 19:30** | Aandstudie 1. |
| 20:00 tot 20:20<br>***19:30 tot 19:50** | Studiepouse. Seuns mag na 1920/Appelkas beweeg. |
| 20:20 tot 21:20<br>***20:00 tot 21:00** | Aandstudie 2. |
| 21:20 tot 21:40<br>***21:00 tot 21:30** | Slaaptydvoorbereiding.<br>Storttyd.<br>Graad 8 tot 10 seuns lewer hul selfone by die gangprefek in. |
| 21:40<br>***21:30** | Ligte uit.<br>Geen leerder mag nou rondbeweeg of sy kamerligte laat brand nie.<br>Die senior huisvader of gangvoogde kan van tyd tot tyd laatstudie goedkeur. Hekke sluit. Geen selfone mag ná ligte uit gebruik word nie. |

* Pannevis se skedule

## 27. TYDROOSTER – NAWEKE

LAAT DAAR LIG WEES

SEDERT 1920

### VRYDAGMIDDAG

| | |
|---|---|
| 13:45 | Kosgangers wat nie uitteken nie, meld vir middagete en kontrole aan.<br>Spesiale reëlings word met die personeellid aan diens getref. |
| 17:30 | Kontrole en aandete. |
| 18:00 | Die program sal deur die diensdoenende personeellid aangekondig word.<br>Vyftien minute na afloop van 'n skoolfunksie moet alle kosgangers terug in hul kamers wees. |
| 21:30 | Aandkontrole en slaaptyd. |

### SATERDAG

| | |
|---|---|
| 06:00 | Opstaan en hekke open. |
| 07:00 | Kontrole en ontbyt.<br>Die dag se program word na gelang van skoolaktiwiteite bepaal. |
| 08:00 | Sport en ontspanning. |
| 12:00 | Middagete. |
| 12:30 | Sport en ontspanning. |
| 17:30 | Kontrole en aandete. |
| 18:00 | Program word gereël deur diensdoenende personeellid. |
| 20:00 | Stiltetyd. Hekke en deure sluit. |
| 21:30 | Aandkontrole en slaaptyd. |

### SONDAG

| | |
|---|---|
| 07:30 | Opstaan en hekke open. |
| 11:30 | Kontrole en middagete. |
| 12:30 tot 16:00 | Middagstilte. |
| 15:00 tot 17:30 | Seuns kom in. |
| 17:30 | Kontrole en aandete. |
| 19:45 | Alle kosgangers na die studiesaal vir kontrole. Seuns wat verlof het om later in te kom, moet met hulle aankoms by die personeellid aan diens aanmeld. |
| 20:00 | Stiltetyd.<br>Hekke en deure sluit.<br>*LET WEL:*<br>(a) Geen sportaktiwiteite word op Sondae op die skoolterrein toegelaat nie.<br>(b) Buiten etenstye verskil Huis Pannevis se tye van Huis Frank le Roux s'n. |
| 21:30 | Slaaptyd. |

## 28. VOORWAARDES EN REËLS

LAAT DAAR LIG WEES

SEDERT 1920

1. Die bepalings van die Gedragskode van Afrikaanse Hoër Seunskool sal in totaliteit van toepassing wees t.o.v. enige optrede van die leerder gedurende enige periode wat hy 'n ingeskrewe inwoner van die koshuis is. Die senior huisvader kan in oorleg met die beheerliggaam gewysigde en/of aanvullende koshuisreëls uitvaardig, in welke geval die gewysigde weergawe primêre werking sal hê. Die gewysigde regulasies sal aan seuns en ouers gekommunikeer word en onvoorwaardelik van krag wees, selfs indien daar geen ontvangserkenning is nie.

2. Die volgende spesifieke gedrags- en dissiplinêre regulasies sal van toepassing wees op alle inwonende ingeskrewe koshuisleerders:

    a. Indien 'n leerder te eniger tyd, waar sodanige leerder onder beheer staan van die koshuis, die koshuisterrein verlaat sonder dat die volledige uittekenproses gevolg en goedgekeur is sal sy koshuisinwoning vir ten minste een kwartaal opgeskort word, sonder terugbetaling van enige koshuisgeld. By die herhaling van so 'n insident, sal sodanige leerder permanent uit die koshuis geskors word, sonder die terugbetaling van enige koshuisgeld, in oorleg met die beheerliggaam.
    b. Leerders mag slegs met uitsondering in die week uitslaap of die terrein tydelik verlaat. Uitteken- en uitslaap-versoeke moet deur middel van die aanlyn skakel gerig word. Alle versoeke moet 'n dag vooraf aan ons gerig word en indien dit nie moontlik is nie, voor 10:00 op die oggend van die afspraak. Sou u laat wees met 'n versoek, vra ons dat u steeds die aanlynstelsel gebruik vir deursigtigheid. Die skool sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige ongevalle, van watter aard ookal, wanneer die leerder die terrein verlaat nie.
    c. In lyn met die Suid Afrikaanse Skolewet saamgelees met die Regulasies oor die Verbod op Ontgroeningspraktyke in skole mag geen ontgroening- en / of inlywingspraktyke plaasvind in die koshuis nie. Leerders wat hulself op enige wyse hieraan skuldig maak, se koshuisinwoning sal ten minste vir 'n kwartaal opgeskort word en indien van toepassing, sal die leerder onthef word uit enige leierskapposisies. Hierdie tipe gedrag sal ook in aanmerking geneem word by die leerder se aansoek om hertoelating tot die koshuis.
    d. Ten einde 'n veilige omgewing vir alle koshuisleerders te skep mag daar van tyd tot tyd toetsings vir verbode of afhanklikheidsmiddels (insluitend damprook / "vaping") gedoen word. Voormelde toetsings kan in terme van Artikel 8A van die Suid Afrikaanse Skolewet ter enige tyd uitgevoer word deur koshuispersoneel en ouers sal binne 24 uur van die toetsing in kennis gestel word.
    e. Indien 'n leerder in besit gevind word van enige verbode of afhanklikheidsmiddels of sodanige middels gebruik of in die teenwoordigheid gevind word van ander persone wat sodanige middels in hulle besit het of gebruik, kan sodanige leerder met onmiddellike effek permanent uit die koshuis geskors word, sonder terugbetaling van enige koshuisgeld.
    f. In die geval waar 'n leerder weier om vir verbode of afhanklikheidsmiddels getoets te word, moet die hoof of sy afgevaardigde die polisie in kennis stel wat dan die nodige stappe sal neem ingevolge die Kriminele Vervolgingswet, 1977.
    g. Slegs die leerder en sy ouer moet ingelig word oor die uitslag van die dwelmtoets. Na afloop van die toets mag die identiteit van dienleerder nie bekend gemaak word nie, behalwe aan sy ouer of tydens die dissiplinêre verhoor.

h. Indien die uitslag van ‘n toets wat deur die skool of koshuis uitgevoer is deur die ouer in twyfel getrek word, moet ‘n tweede toets onmiddellik deur middel van “gas chromatography coupled with mass spectrometry” (GC/MS) op die ouer se onkoste uitgevoer word.

i. Indien enige leerder betrap word waar hy alkoholiese drank inneem, in sy besit het, of dat dit blyk dat hy dit in die koshuis gebruik het, sal die toepaslike straf in die suiwer diskresie van die senior huisvader en die beheerliggaam setel, wat mag insluit tydelike of permanente skorsing uit die koshuis.

j. Die volgende reëling ten opsigte van naweekreëlings geld: Die skool en koshuis aanvaar dat alle seuns oor naweke huis toe gaan en dus nie in die koshuis woonagtig sal wees nie. U seun verlaat dus die koshuis op ‘n Vrydagmiddag na skool en keer vóór 07:00 op ‘n Maandag na die koshuis terug. Die koshuis is vir leerders wat nie vir die naweek ingeteken is nie, buite perke. Seuns vir wie dit nie moontlik is om huis toe te gaan nie, moet gevolglik van die aanlyn intekenstelsel gebruik maak wat op Donderdagoggende sluit. Solank u seun oor ‘n naweek in die koshuis is, is hy verplig om by elke ete aan te meld vir kontrole. Let wel: Geen seun mag eers van Saterdag af inteken nie. Hy mag wel inteken vir Vrydagaand en na afloop van sy sport- of kultuuraktiwiteit op die Saterdag huis toe gaan.

k. Normale skool- en koshuisreëls geld vir seuns wat oor naweke inwoon. Daar sal vir die volle duur van die naweek personeel aan diens wees, wat na die wel en wee van die seuns sal omsien. Seuns wat reeds op ‘n Sondag terugkeer na die koshuis moet dit aandui op die intekenlys. Daar sal Sondagaande om 19:30 kontrole geneem word, waarna die koshuishek sal sluit. Inkloktye op Sondae is 15:00 - 19:30.

l. Seuns wat weens welke rede nie op die eerste dag na ‘n naweek na die koshuis terugkeer nie, word as afwesig geag en sy ouers moet die normale uittekenprosedure soos in die prospektus uiteengesit word, volg.

m. Alhoewel die skool en koshuis sover moontlik voorkomend optree, kan die skool nie verantwoordelik gehou word indien u seun se besittings beskadig of gesteel word nie.

n. Daar word van elke leerder verwag om deurlopend aan ten minste een buitemuurse aktiwiteit deel te neem.

## KONTAKBESONDERHEDE


### SENIOR KOSHUISVADER

Mnr. Berthold Rossouw

Berthold.rossouw@affies.co.za

012 344 3805 (skoolure)


SOSIALE MEDIA PLATFORMS
EN KOMMUNIKASIE

- Facebook
- Instagram
- Youtube
- WhatsApp